

Sondag 13 November

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 15:1-15

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 15:15 (1933/53- en 1983-vertaling)

'n Volkome hart bring vreugde in die werk van die Here

Is jy bly as jy iets in die kerk kan doen? Vind jy vreugde in jou dienswerk as ouderling, diaken of lidmaat? Vreugde sê iets van ons innerlike oortuiging waarmee ons die Here dien.

Koning Asa was een van die goeie konings van Juda. Hy was een van die min van wie gesê kon word dat sy hart “volkome al sy dae” was (2 Kron. 15:17, 1933/53-vertaling). Hy het die moed gehad om die afgodsbeelde uit die gebied van Juda en Benjamin te verwyder en die verbond met die Here te bevestig. Die verbond het behels dat hulle die Here met hulle hele hart en siel sal gehoorsaam, en dit kon hulle gewillig en met vreugde doen.

'n Volkome hart beteken nie dat iemand volmaak en foutloos, sonder sonde, is nie; dit beteken dat jy op God vertrou met jou hele bestaan en dat jy die regte dinge wil doen. Die hart van 'n mens het immers met alles van sy bestaan te doen. Die hart het veral met die emosies, gedagtes, wil en liefde van die mens te doen.

Deur Jesus Christus se verlossing word 'n volkome hart vir ons moontlik. Toe koning Asa nie meer met sy volkome hart op die Here vertrou het nie, maar koning Ben-Hadad van die Arameërs nader en herinner aan 'n vroeëre verdrag tussen hulle as hy bang raak vir koning Baesa van Israel, word hy bestraf!

Dien jy die Here van harte?

Sing: Psalm 32:1, 4 (2001)

Dr. J (Jan) Lion-Cachet (Klerksdorp)